## REDAKSIONEEL

### 1. Tydelike aflos

Die eindredakteur van ons blad is op langverlof en vertoef momenteel in die buiteland. Tydens 'n kort ontmoeting iewers in Amsterdam het hy die leisels van hierdie blad vir 'n paar maande in my hande gelê. So het ek na 'n verblyf van byna drie maande in Europa na die Republiek teruggekom met die opdrag om die redaksie van *In die Skriflig* te versorg. Ek hoop om na die beste van my vermoë die plek van die eindredakteur in te neem. Graag wil ek 'n woord van hartlike dank en waardering uitspreek in verband met die wyse waarop prof. Spoelstra ons blad geredigeer het.

### 2. Niks nuuts onder die son nie

Wanneer 'n mens so 'n bietjie in Europa rondkyk en luister na alles wat op die mark van die teologie te koop aangebied word dan lyk dit of daar baie nuwe dinge is wat ons hier ook goed kan gebruik, 'n nuwe teologie van bevryding, 'n nuwe versoeningsleer, 'n nuwe moraal, 'n nuwe manier om te glo. Tog kom 'n mens al gou agter dat daar 'n groot waarheid skuil in die woorde van die Prediker: wat gewees het, dit sal weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie.

In die laaste nommer van die vorige Jaargang van *In die Skriflig* het ds. Dijkstra daarop gewys dat dr. Wiersinga met die s.g. nuwe weg wat hy met sy alternatiewe versoeningsleer wil bewandel in wese nie veel verskil van die Middeleeuse teoloog Abaelardus nie. Wat Wiersinga se versoeningsleer betref, geld die woorde van die Prediker: dit was lankal daar in die ou tyd wat voor ons gewees het.

Dieselfde geld van die groot nadruk wat vandag gelê word op die orthopraksie, die regte daad in verhouding tot die orthodoksie, die regte leer. In die marxisties gekleurde teologie van die revolusie is die daad van die gelowige 'n faktor in die realisering van die verlossing. Christus is die groot Inspirator wat deur ons nagevolg moet word om so self bevryding tot stand te bring.

Wie die boek van W. Balke, Calvijn en de Doperse Radikalen, lees, kom tot die verrassende ontdekking dat ook wat dit betref daar nie nuwe produkte op die kerklike en teologiese mark aangevoer word nie. Die Doperse rigting het in sy maatskappykritiek en in sy sterk begeerte om die verlossing van die mens te realiseer die mens ingeskakel in die verwerkliking van die verlossing.

Daarom moet ons versigtig en krities alles beoordeel wat as nuut aangedien word. Die jongste boek van dr. H. M. Kuitert, Zonder geloof vaart niemand wel, bring ons weer terug by die vrysinnige beskouings van teoloë uit die 19e eeu. Op 'n werklik indringende wyse beweeg Kuitert in hierdie boek op die terrein van die godsdienswysbegeerte wat hom besig hou met die vraag na die waarheid van die godsdiens. „Ik zou zeggen: een waarheid is een christelijke waarheid als zij mens en wereld toekomst opent of

vrijheid schenkt" (a.w., p. 101). Prof. W. H. Velema het Kuitert se boek gelees as sy afskeid van die teologie. Hy het die vraag gestel: „Begeeft Kuitert zich niet meer en meer buiten de theologie?" Daar is nie meer so 'n baie groot verskil tussen dr. Kuitert en die groot filosoof Emanuel Kant nie. Geloof is 'n vorm van menslike selfbevestiging. By Kant is geloof immers ook die waarborg vir die sedelike ideaal. Kuitert is 'n Kant-redivivus! Alweer sien ons daar is niks nuuts onder die son nie.

## 3. Identiteitsverlies en identiteitsbehoud

Wat my in Europa die meeste getref het, is dat kerke, teologiese opleidingsinstitute en sendingseminaries wat so onkrities staan teenoor die nuwere teologie ernstig te lyde het aan 'n identiteitsverlies. Dit lyk of baie kerke besig is om hul identiteit as reformatoriese kerk te verloor. Merkwaardig is dat juis daardie kerke wat sterk staan op handhawing van eie identiteit die sterkste groei. Nou is daar vanselfsprekend verskillende eie identiteite, maar ons wil ons hier net beperk tot die eie identiteit van die Gereformeerde religie. In 'n driftige ekumeniese begeerte om maar tot eenheid te kom, is mense selfs bereid om wesentlike dele van sy belydenis prys te gee. Opvallend is dat so 'n strewe nie veel werfkrag vertoon nie.

Daarom is dit van die uiterste belang dat ons in kerk en teologie ons beywer vir die behoud van ons eie identiteit, nie in hierdie sin dat ons ons Reformatoriese erfgoed as die einde van alle teëspraak beskou nie, maar dat ons die Gereformeerde belydenis in sy identiteit en ook aktualiteit na vore bring. Die Reformasie is vir ons nie eindpunt nie maar vertrekpunt.

Hierdie eie identiteit van die Gereformeerde belydenis kom veral tot uitdrukking in ons siening op die Skrifgesag, in die verhouding kerk en koninkryk, in die relasie tussen regverdiging en heiliging. Hier moet die Reformatoriese teologie 'n eie geluid laat hoor teenoor die nuwe teologie.

In hierdie nommer van ons blad en D.V. ook in volgende nommers van hierdie jaargang sal die aandagtige leser iets van die worsteling, die teologiese worsteling om identiteitsbehoud kan opmerk.

## 4. 'n Digter-teoloog

Graag wil ons die besondere aandag van ons lesers vra vir twee bydraes van prof. S. J. van der Walt. Ons kom nou agter dat hy behalwe teoloog ook digter is. Sy gedigte wys vir ons dat jy behalwe met dogmatiese begrippemateriaal ook digterlik-speels kan worstel met die vrae van die lewe en die toekoms. L.F.